# JONKERSHOEK 2025

| ROETE: | Swartboskloof - Sosyskloof | DATUM: | 04 Oktober 2025 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Ons was 8 dames wat gestap het. Ons het die admin teen 08:30 afgehandel en was reg om te begin stap. Dit was effe koel maar daar was geen wind nie. Dit was eintlik 'n baie mooi dag. Ons aanvanklike plan was om Sosyskloof kloksgewys te stap (op in Swartboskloof tot by die afdraai op die kontoerpad en dan na Sosyskloof) maar ons het vanaf die hek 'n vroeë afdraai op 'n dienspad na regs gevat en toe regs opgedraai op 'n stappaadjie wat ons na die 'fire lookout' geneem het (waar ons aanvanklik middagete beplan het). Ons besef toe dat ons besig was om die roete anti-kloksgewys te stap. Met die meeste van die klim toe agter die rug, neem ons 'n 10 min breek want dit was nog te vroeg vir ontbyt. Ons het vanaf die groen huisie die laaste stukkie opgeklim tot op die kontoerpad, waarvan die eerste deel van die paadjie baie nou was met steil afgronde. Om 11:40 stop ons vir brunch by die inheemse bome met lekker sitplek, koeltebome reg rondom ons. Ons het iets geëet, lekker gelag vir stories en sommer 5 min by rustyd bygesit. Ons het verder gestap tot waar die Sosyskloofroete by die Swartbosroete aansluit en hier links op die Swartbosroete afgedraai en die paadjie tot onder by die jeeptrack en toe terug hek toe gevolg. Ons het omtrent 8 koggelmanders gesien, en een swart slang wat blitsvinnig voor Gerna (stapleier) verby geseil in die pad. So 10m later het ons vars bobbejaan 'bollie' in die pad gesien en so 8m verder ons die eerste bobbejaan gesien. Ons was rustig en het aangestap. 'n Paar meter verder het 'n klein bobbejaantjie op die klip gesit en vir ons gekyk. Die res het in die gras geskarrel. Ons is veilig daar verby. Ons het mooi blomme gesien. Ons het ervaar dat dit baie beter is om die roete anti-kloksgewys te stap en sal dit in die toekoms weer so stap. Wildcard is geldig vir Swartboskloof/Sosyskloof roete. Dankie vir elkeen wat saam kom stap het.

| STAPPER | LIDNOMMER | KM | Meters geklim | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Gerna Hough | 131/2025 | 13 | 355 | |
| Estelle Zietsman | 048/2025 | 13 | 355 | |
| Edna Terblanche | 040/2025 | 13 | 355 | |
| Magda Le Roux | 124/2025 | 13 | 355 | |
| Beulagh Keulder | 051/2025 | 13 | 355 | |
| Amanda Matthee | 045/2025 | 13 | 355 | |
| Tyna Coffee | 193/2025 | 13 | 355 | |
| Miranda Myburg | 092/2025 | 13 | 355 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **104** | **2840** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | N.V.T |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | N.V.T |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Gerna Hough |
|---|---|